
**MPO AAWYSER 1/4 Januarie 2022**

**INTERNASIONALE SUIWELPRODUKPRYSE IN VSA DOLLAR TERME BEHAAL STEWIGE GROEI IN DIE LAASTE SES MAANDE VAN 2021 EN GROEI SELFS NOG MEER AGRESSIEF IN RANDTERME**

Drie van die mees internasionaal-verhandelde suiwelprodukte het stewige groei in pryse behaal in die laaste ses maande van 2021. Botter verhoog met 29%, afgeroomde melkpoeier (AMP) met 15% en Cheddar met 24%. Volroommelkpoeier (VMP) beweeg hoofsaaklik sywaarts. Die hoofdrywer agter die verhoogde pryse is beperkte uitvoervoorraad.


**Figuur 1** Internasionale suiwelprodukpryse (vry-aan-boord) Jan 2011–Des 2021




(Bron: VSA Departement Landbou)

In figuur 2 word die internasionale suiwelprodukpryse aangetoon in randterme. Drie van die vier produkte se pryse is **op die hoogste vlakke van die afgelope 10 jaar,** terwyl VMP op die tweede hoogste vlak is. In die laaste ses maande van 2021 het die rand met nege persent gedepresieer teen die VSA$ en die gekombineerde effek van die swakker rand en die verhoogde internasionale suiwelpryse het die randpryse van suiwelprodukte aangevuur tot die hoogste vlakke nog; botter verhoog met 40%, AMP met 25%, Cheddar met 35% en VRM met 10%.


**Figuur 2** Internasionale suiwelprodukpryse (vry-aan-boord) Jan 2011–Des 2021




(Bron: VSA Departement Landbou, JEB Finansiële markte)

Die situasie in die internasionale suiwelmark word bevestig deur verhandelings wat op die *Global Dairy Trade Index* plaasgevind het. Die tendens oor die laaste ses maande van 2021 is soortgelyk aan die tendens in figuur 1.

**Figuur 3** *Global Dairy Trade index*




(Bron: *Global Dairy Trade Events*)

**Bertus van Heerden, hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)**